

ST. WILLEM VAN ESKILOË

6 APRIL

(sterf 1203)



Hy is naby Parys gebore en deur die monnike van die beroemde abdy van Saint-Germain-de-Prés opgevoed. Hy word aangestel as kanunnik in die Kerk van Sainte-Geneviève-du-Mont waar hy baie ongewild was omdat hy die lakse lewens van sy medebroeders probeer hervorm het. Tydens 'n besoek aan Parys deur pous Eugenius III kom die pous te hore van dié ywerige maar onpopulêre kanunnik. Die pous stuur hom na die abdy van Eskiloë in Denemarke na aanleiding van 'n versoek deur die biskop van Roskilde om die geestelike lewens van die monnike daar te verdiep. Willem word aangestel as ab en werk die volgende dertig jaar van sy lewe tot en met sy dood in Denemarke waar sy liefde vir Christus 'n groot impak op die plaaslike gelowiges gehad het. Hy stig ook 'n abdy in Seeland en help ander kloostergemeenskappe wat vervalde geraak het om weer met ywer die Evangelie uit te leef.